Is God by as ons sing en bid?

Hoe lyk ons voor die spieël?

Jan Woest

Die oggenddiensbywoning, wat in alle gemeentes die belangrikste is (en in baie plattelandse gemeentes die enigste aanbiddingsgeleentheid vir die week), is op die laagste persentasiepunt sedert die begin van opnames. Al het die kerk se lidmaattal oor die verloop van hierdie 15 jaar gedaal, is dit onvermydelik om te besef dat die bruto-getal aanbidders wat Sondae in die NG Kerk saamkom, regtig nie baie hoog is nie.

Hoekom is dit so?

'n Mens wonder veral oor hierdie tendens wanneer jy opmerk dat oor die tydperk van 13 jaar, van 1993 tot 2006, orkeste, verrykte liedere, die inhoud en nuwe wyses van begeleiding met 'n byna dramatiese 20% toegeneem het.

Jare lank was dit die algemene kritiek van veral die jonger garde dat die sang en musiek in NG gemeentes doods is in vergelyking met ander geloofsgemeenskappe, veral van die charismatiese groepe.

Dit wil dus voorkom of die "bands" en die "songs" méér word, maar diegene wat saamsing, stadigaan ál hoe minder. Dat 'n voortdurende "musikale opgradering" klaarblyklik nie die haas uit die hoed haal nie, noop 'n mens dus om te vra na wat dan gebeur tydens eredienste wat maak dat hierdie tendens van gestadigde afname in bywoning voortduur.

Hulpmiddels

Omdat die steekproef nie ook ander wesenlike dimensies van gemeentes se aanbiddingsgeleentheid peil nie, is dit seker onvanpas om te spekuleer. Gemeet aan die gereelde gebruik van die *Leesrooster* en *Woordwyser* as riglyne vir die inrigting van die erediens en die prediking, wil dit tog voorkom asof die poging om 'n ekumenies-georiënteerde tradisie in die NG Kerk te vestig wat die inhoud en ritmes van die kerklike jaar gestand doen, redelik omvattend inslag gevind het.

My vermoede is dat die kerkverband dalk in dié opsig nóg meer doelgerig en omvattend sal moet moeite doen om insette te lewer in die vorm van kwaliteit hulpmiddels vir aanbiddingsbegeleiers om die eredienste van die gemeentes te verdiep. Méér deurlopend as wat dalk tans die geval is, moet egte ontmoetings met die lewende God begelei word.

● *Jan Woest was ná 5 jaar in Bothasig 11 jaar lank in Leonardville predikant. Sedert 2004 is hy in diens van die Namibiese sinode, verantwoordelik vir die begeleiding van die renovaré-proses. Jan sê dat in sy betrokkenheid by die kerk en gemeentes, probeer hy wanneer hy soggens opstaan wonder en "worry" oor dieselfde dinge waaroor hy dink God daagliks wonder en "worry".*

Dit is opsigtelik dat gemeentelike leierskap 'n definitiewe skuif in samestelling toon. Vroulike kerkraadslede word deurlopend méér. Wanneer hierdie "sensitiewer" leierskap in 2006 voor die spieël staan en hulle waarnemings en ervarings van gemeentes se selfbeeld gee, sien 52% van hulle 'n staties tot sterwende profiel.

Ek wonder of dit dalk op 'n baie subtiele manier uitdrukking is van die effek wat die samelewingstoestand op hulle selfbelewing het. In 'n tyd van voortdurende turbulensie, verandering en onsekerheid, is dit dalk begryplik dat gemeenteleiers, met 'n natuurlike behoefte aan sekuriteit en stabiliteit, sal dink: *"Survival is the name of the game"*.

Verder korreleer dit ook met die reeds hoë en nog steeds stygende neiging by gemeentes om hulle energie en kapasiteit hoofsaaklik op hulleself en hulle eie behoeftes te rig. Die ongelukkige werklikheid is dat die oorgrote meerderheid van NG gemeentes nie met 'n grondige missionale bewussyn en praktyk leef nie. 'n Missionale karakter vind uitdrukking in gefokusde leierskap wat dinamika genereer en positief inwerk op gemeentes se selfbeeld.

Die neiging tot 'n negatiewe selfbeeld en na-binnegekeerdheid word verder dalk ook gestimuleer deur kerkrade se waarneming van die dalende tendens in erediensbywoning.

Dat die Algemene Sinode en sinodes se impak op gemeentes in die tyd van 2004 tot 2006 met bykans 10% toegeneem het, kan in 'n positiewe sin verband hou met die deurvoering van die roepingsverklarings en die Seisoen van Luister wat hierdie vergaderings geloods het en gevolglik gemeentes positief kon stem en motiveer.

Negatief gesproke kan dié tendens egter ook betrekking hê op die opspraak rondom die meerdere vergaderings wat hulle met kontensieuse sake soos die homoseksualiteitdebat en die kerkhereniging besig gehou het. Dié debatte het oënskynlik 'n dreinerende effek op gemeentes.

Wat dus régtig die aard van die meerdere vergaderings se impak op gemeentes is, is oop vir interpretasie.

Wonder 'n mens oor wat die skuif in die bestek van net twee jaar van die voorsitterskap van kerkrade van bykans uitsluitlik predikante tot amper 20% ouderlinge sê, is dit dalk nodig om hierdie respons in verband te bring met predikantvakatures in veral landelike gemeentes. Immers, waar nie predikante is nie, kan hulle ook nie voorsit nie – of dit nou goed of sleg is!